



HOLY CROSS HOËRSKOOI

AFRIKAANS EAT GRAAD 12

SGA TAAK 5

MONDELING: TOESPRAAK 2020

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAI GRAAD 12

ONTHOU!

- Jou mondelinge aanbieding moet tussen TWEE en DRIE minute lank wees.
- Voer die instruksies sorgvuldig uit.

TAAK 6: VOORBEREIDE TOESPRAAK

KWARTAAL 2

INHANDIGINGS DATUM: 14 April 2020



-
- Doen deeglike navorsing oor jou onderwerp.
 - Versamel tekste en hou dit bymekaar (prente, plakkate, tekenprente of enige ander oudio-visuele materiaal). Vertoon dit of verwys daarna tydens jou toespraak.
 - Skryf h toespraak wat tussen TWEE en VYF minute lank sal duur as jy dit teen 'n normale spoed lees. Lees jou voorbereide toespraak hardop voor aan 'n maat wat jou sal kan help met jou uitspraak en vlotheid.
 - Toets jouself om te sien hoe lank jy praat.
 - Maak seker jou onderwyser sal jou toespraak maklik kan volg.
 - Wanneer jy tevrede is met die lengte van jou toespraak en met jou inligting, maak vir jouself flitskaarte. Flitskaarte is kort aantekeninge vir jouself om te gebruik tydens jou aanbieding. Flitskaarte bevat slegs die hoofpunte om jou te herinner aan die res van jou aanbieding. Nommer jou kaarte sodat jou aanbieding chronologies kan verloop.
 - Punte word toegeken vir jou voorbereiding en beplanning soos wat sal blyk uit jou aanbieding.
 - Raadpleeg die assesseringsrubriek wat gebruik gaan word vir jou voorbereide toespraak/aanbieding. Maak seker dat jy die volgende gereed het met die dag van jou toespraak: jou visuele hulpmiddels en jou flitskaarte.

ONDERWERPE:

1. Elke mens in ons land is anders.
2. Ons ouers verwag dalk te veel van ons.
3. Die rol van vrouwees in die wêreld
4. My toekomstdrome. Wat wil ek na matriek doen?
5. Suid-Afrika — My geboorteland
6. 'n Historiese figuur wat ek die meeste bewonder.
7. 2030
8. Onderwys in Suid-Afrika
9. Die stigma rondom armes